

Gesels saam

VOORSKOOL

WELKOM

Speel "wyse uil". Laat die kleuters op die vloer sit. Verduidelik dat jy vyf stellings gaan maak. As hulle dink dit wat jy sê is wys (goed), moet hulle opstaan en soos 'n uil "hoe-hoe" maak. As hulle dink dit wat jy sê is nie wys nie (sleg), moet hulle doodstil bly sit.

Moontlike stellings:

- Om 'n goeie maatjie te hê moet ek 'n goeie maatjie wees.
- Ek hoef nie met ander mense te deel nie.
- Ek moet jammer sê as ek verkeerd was.
- Dit is mooi om tong uit te steek.
- Dit is goed om te help opruim.

WONDER

Verduidelik [Spreuke 1:1-7](#) op 'n eenvoudige manier vir die kleuters.

Nota: Vers 2-7 uit *Die Bybel vir almal* kan jou hiermee help:

Spreuke leer vir jou wysheid. Dit leer vir jou om te weet wanneer mense verstandige dinge sê, en dit leer vir jou om te luister wanneer iemand vir jou die regte dinge leer oor wat goed en reg en regverdig is. Spreuke maak jong mense wat baie min weet, verstandig, sodat hulle sal weet wat die regte dinge is om te doen. Wyse mense moet ook luister na die spreuke, sodat hulle nog meer sal weet. Verstandige mense moet leer, sodat hulle die spreuke en die slim dinge wat wyse mense sê, sal verstaan. Jy moet gehoorsaam wees aan die Here en jy moet Hom respekteer. As jy dit doen, dan is jy regtig slim. Dit is dwase wat dink dit is nie belangrik om wysheid te hê en om te leer nie.

Lê klem daarop dat wysheid is om 'n goeie lewe voor en saam met God te leef.

WEES

Gee vir elke kleuter 'n afskrif van die hulpmiddel "Uilmasker" (druk dit op karton, indien moontlik). Knip vooraf vir elkeen die masker, oë en twee stroke uit.

Laat die kleuters hulle maskers inkleur en versier. Meet om elke kleuter se kop en kram die twee stroke aan die masker en aan mekaar vas.



Leer die volgende gebed vir die kleuters:

Here, help ons onthou: Wanneer ons U ken, is ons regtig slim (wys).